

11 Maart

Efesiërs 4:1-16, (Teks: 4:1)

Lewe ooreenkomstig die roeping wat jy van God ontvang het

Wat behels die roeping van die gelowiges?

Ons is uitverkies om kinders van God te wees (Efes. 1:4, 5).

Ons is verlos en ons oortredinge vergewe (Efes. 1:7).

Ons is oppad na die hemelse heerlikheid; die Heilige Gees waarborg dit (Efes. 1:14).

Ons het vrye toegang tot die Vader (Efes. 2:18).

Ons deel in God se liefde wat alle verstand te bowe gaan (Efes. 3:19).

In die lig van al hierdie rykdomme volg die oproep om 'n lewe te lei waardig die roeping waarmee hulle geroep is. Dit gaan oor 'n tree vir tree, dag vir dag lewenswyse.

Wees altyd beskeie. Wees altyd vriendelik.

Wees altyd geduldig. Verdra mekaar in liefde.

Maar hoe kan ons by hierdie gesindheid van Jesus uitkom? Die volmaakte voorbeeld vind ons in Christus: "Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis" (Fil. 2:5-8).

Sing: Psalm 92:1,2,6,7

Ds. G.B. Enslin (Witbank)